Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

# Notule van Bestuursbeplannings Vergadering gehou op 18 Januarie 2012.

**Teenwoordig**

Hansie Botha
Philip Robinson
Leon Whitehead
Ivy Iveson
Gerrit Boersma
Wynand de Jager
Joseph Hartmann
Dawie van Vuuren
Wallie van Dyk
Carel Buitendag
Victor Osmers
Belinda Badenhorst
Alwin Fleischmann
Tinus Erasmus
Chris de Wet
Coenie Scheepers
Ettiene Sales
Ivan Steyn
Chris Venter
Tertuis Erasmus
Francois Malan
Bosman Kruger
Giam Fourie

Die ondergenoemde projekte en skietdae is as volg bespreek:

**1. Groeperingskietag**

Chris de Wet gaan met Johan Kirstein kontak oor gratis video van Voorseisoen Skietdag wat hy gratis vir ons gaan maak om as bemarking te gebruik vir Groeperingskietdag. Hy gaan ook met Vynatarp in Pietersburg praat en kyk of ons een of twee groot markies tente vir die dag kan bekom. Ou en nuwe borge gaan van 1 Feb af gekontak word. Alle lede en huidige borge sal kans gegun word om alle pryse te borg behalwe die jaggeweer groeperingsprys wat reeds deur Daan Louw geborg is.

**2. Voorseisoen skietdag**

Dawie van Vuuren het formaat voorgelê en groot pryse beplan om die dag groter te kan maak. Vir reels sien verslag soos opgestel deur Dawie van Vuuren aangeheg.

**3. Skietbaan akkreditasie**

Hansie Botha is besig om rekeninge aan te vra. Hansie stel voor dat Giam Fourie dalk die akkreditasie verantwoordelikhede begin oorneem by Andre le Grange.

**4. Endossemente**

Hansie Botha stel voor dat Giam Fourie die Endossemente by Abel Botha oorneem.

**5. Opleiding**

Instrukteurs en Baanoffisiere sal die jaar weer opgelei word. Instrukteurslys sal op datum gebring word om slegs die wat nog aktief betrokke is met die opleiding te akkommodeer. Trofeemeet opleiding sal ook gedoen word die jaar op 3 Maart 2012.

**6. Skietbaan nuwe hek**

Alf sal teen einde Januarie 2012 die nuwe buite hek vir die BJV geinstalleer hê.

**7. Projek finansies en Bemarking**

Elke projek leier moet sorg dat sy eie projek se finansies afgehandel word na elke skietdag of funksie en by Belinda ingehandig word asook vir voorlegging by die vergadering na die projek. Alle foto's en berigte moet voor en na die projekte by Belinda ingedien word. Alle verlangde mediaskakeling word deur projek leiers met Belinda geko-ordineer.

**8. Teikenstaanders**

Daar word beoog om die teikenstaanders aan te pas om die teikenruilingtyd te verminder.

**9. Trofeemeet kompetisie**.

Daar is JNR en SNR pare jag kompetisie die jaar, R100/volw paar en R50/kinder paar. Kinders mag Tarentale ook inskryf. Ystervark tande en katte word ook gemeet . Wallie sal nuutste lys van trofeemetingspesies indien sodat dit versprei kan word.

**10. Kamp geriewe**

Joseph Hartmann sal vir ons kyk na die koste van karavaan/kamp staan plekke se krag vir 10 punte en dan ook hoe ons die ablusiegeriewe kan opknap vir kampeerders. Indien daar kampeerders is sal die plek nie vir boogskiet gebruik kan word nie.

**11. Vaste skietbaan vir .22 posliga**

Chris Venter gaan permanente baan vir die dissipline uitsit.

**12. Skietbaan gras sny**

Goedkeuring word gegee dat '300cc Sthill bossiekapper aangekoop word en Brown opleiding ontvang deur Jaco van Conway om al die gras rondom die klubhuis, op skietpunte, skietwalle en alle ander plekke te sny waar die trekkers nie kan gras sny nie.

**13. Teikens**

Elke persoon wat teikens en of verwante materiaal benodig moet vir Belinda die bestellings deurgee dat dit een keer bestel kan word. Daar moet gelet word dat die regte CHASA rooibok teikens gekoop word. Dawie van Vuuren sal met Allan Bisset van Bissett Engineering gesels ivm die instandhouding van die teikenrame deur Ivan Steyn.

**14. Ledeverwysings.**

Gerrit Beetge en Francois Joubert verwys baie lede wat by die BJV aansluit. Die tak onderneem om vir elk R400 aansluiting en ledegeld vir 2012 te betaal aan hoofkantoor op die voorwaarde dat hulle elk 5 lede moet verwys om te kwalifiseer vir gratis gesinslidmaatskap in 2013.

**15. Finansies.**

Bosman Kruger verklaar dat alles in plek is volgens Hoofkantoor se vereister. Francois Malan is aangestel as hulp en is tans besig met opleiding.

**Alle terugvoer moet asb plaasvind tydens die ledevergadering wat plaasvind op 2 Februarie 2012 om 18:00 by die klubhuis.**